

**Vrydag 9 September**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:14-17**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 3:15**

**Altyd gereed om te vertel oor die hoop wat in ons leef**

Petrus noem die gelowiges in Klein-Asië aan wie hy skryf, vreemdelinge en bywoners (2:11). Dit beteken dat hulle geen regte gehad het nie. Hulle het swaar geleef. Die samelewing het hulle verstoot en teen hulle gediskrimineer. Hierdie onverdiende lyding kan veroorsaak dat hierdie mense sonder hoop is – hulle sien net nie meer 'n toekoms vir hulle en hulle kinders nie.

Petrus vertrou en bemoedig hulle egter. In hulle lyding moet hulle hul steeds beywer vir wat goed is en aanhou om reg te doen. Hulle moenie vir mense bang wees nie. Hulle moet hulle nie laat afskrik nie.

Hoe kan hulle so reageer op lyding? Dit is tog totaal anders as wat mense normaalweg sou reageer. Hulle vergeld nie en roep nie om wraak nie. Hulle hou net aan om goed te doen, al kry hulle swaar. Natuurlik sal die mense wonder oor hulle reaksie op lyding en van die Christene 'n verduideliking eis, selfs in geregshoue. Hoe kan julle so reageer? En dan moet hulle altyd gereed wees om 'n antwoord te gee.

Hulle antwoord? Hulle is nie bang vir mense nie, want hulle vrees Christus die Here. En daarom het hulle hoop. Nie sommer net hoop dat dit die volgende dag beter sal gaan nie. Hulle hoop is gesetel in Christus. Hy is “ons Hoop” (1 Tim. 1:1). Christus is as mens doodgemaak, maar deur die Gees lewend gemaak (vs 18). Hy is die Here wat die wêreld klaar oorwin het (Joh. 16:33). En daarom het gelowiges hoop, selfs in swaarkry en lyding.

Ons moet altyd gereed wees om te antwoord oor hoekom ons as gelowiges anders reageer op lyding en swaarkry.

Ons het hoop, want ons Hoop is Christus, die Here wat leef en regeer.

*Sing: Psalm 130-3:1, 4*

*Ds. AL Pelsner (Abri) (Bethlehem)*